

MEMORANDUMNO 251

Kopieno 2 van 10 kopieë

HSAW/309/4

21 Maart 1979


Van: Hoof van die SA Weermag

Aan: Die Voorsitter
SVR Werkkomitee

OFFENSIEWE OPTREDE TEEN SWAPO

1. Ek beveel aan dat die bestaande SVR-beleid mbt offensiewe optrede teen SWAPO in die lig van die korttermynstrategie vir SWA, gewysig word om voorsiening te maak vir die delegasie van gesag vir die uitvoering van kleinskaalse oorwoë operasies na die Hoof van die SA Weermag. Wat ek verlang is 'n staande magtiging aan my om self te besluit oor die aanwending van leër-elemente tot die grootte van 'n veggroep (insluitende Juliet-tipe vegspanne) ondersteun deur aanvals/transport/ helikopter-vliegtuie teen SWAPO basisse tot 'n diepte van ongeveer 120 km in Angola en Zambië. Hierdie tipe operasies sal op 'n redelike kleinskaal wees maar meer gereeld plaasvind as een keer per jaar - moontlik selfs drie tot vyf operasies per maand indien omstandighede dit vereis.

2. Die gedagte is om die nodige grond- en lugmagte op 'n semi-permanente grondslag aan die Bevelvoerende Generaal, Kommandement SWA en die Bevelvoerder, 301 Lugkomponent te voorsien of in die operasionele gebied te ontplooi vir aanwending soos en wanneer nodig en daardeur ons offensiewe vermoë te verbeter en SWAPO se ontplooiing en voorbereiding in Angola en Suidwes-Zambië deurentyd te ontwrig. Hiervoor sal dit nodig wees om die gevraagde magte verder af aan die Bevelvoerende Generaal, Kommandement SWA en die Bevelvoerder, 301 Lugkomponent te deleger.



HOOF VAN DIE SA WEERMAG : GENERAAL

Voorsitter
Staatsveiligheidsraad

Versoek deur die Werkkomitee by sy vergadering op 23 Maart 1979 oorweeg en aanbeveel / nie aanbeveel nie.

VOORSITTER: WERKKOMITEE

..... 1979

Goedgekeur

23/4/79